

Waak teen ongebreidelde vryemarkekeonomie in SA

DIE "propagandaveldtog vir 'n ongebreidelde vryemarkekeonomie in Suid-Afrika" — propaganda wat veral van die Vryemarkstigting uitgaan — het 'n vorm en 'n momentum verkry waarteen met mening walgegooi moet word deur almal wat 'n beweging na 'n stabielere en regverdiger bestel in Suid-Afrika beoog.

Die propaganda van die "freemarketeers" was van meet af baie oppervlakkig, baie eensydig en uiters misplaas in die Suid-Afrikaanse situasie. Aanvanklik het 'n mens dit geduld vanweë die vermaaklikheidswaarde daarvan. Mettertyd het 'n mens gedink dat dit tog 'n bietjie waarde kon hê in soverre dit die debat oor die gewenste ekonomiese stelsel vir die Suid-Afrikaanse situasie kon stimuleer — iets was erg verwarloos.

IDILOGIE

Dit blyk egter nou dat die "freemarketeers" hul vergesogte en onuitvoerbare idees met soveel dogmatiese ywer propageer het dat dit in 'n starre ideologie ontaard het. In die delikate problemsituasie van Suid-Afrika het skewe politieke ideologieë al baie skade berokken. Ons situasie is gans te kwesbaar om hierdie soort ver-egse (en negentiende eeuse) ekonomiese ideologie ongestraf laat voortwoeker.

Terwyl ons — net soos op konstitusionele gebied — nog op soek (of op pad) na 'n gepaste (of funksionele) ekonomiese stelsel is, is dit dringend noodsaaklik dat ons te alle tye realisties en gebalanseerd sal wees in die debat oor die gewenste ekonomiese stelsel vir Suid-Afrika.

SPEL

Die "freemarketeers" sê hulle wil die reëls van die spel verander. In werklikheid gebroke ondermaanse te pas kom as die werklikheid radikaal omgebuig kan word tot 'n utopie waarin daar aan die

voorwaardes van hul spel voldoen is. In die ingewikkelde situasie van Suid-Afrika kan dit gevaarlik wees om na sulke onhaalbare modelwêreldes in die ryk van idees te probeer ontsnap.

In my standpuntstelling oor 'n gewenste ekonomiese stelsel vir Suid-Afrika stel ek eers drie algemene en daarna vier spesifieke stellings of temas.

Die oorkoepelende doelwit van 'n ekonomiese stelsel is (of behoort te wees) die maksimisering van die maatskaplike welvaart van die gemeenskap as geheel. Hoewel die grootte en die groei van die volksprodukt seker die belangrikste faktor is wat die grootte van maatskaplike welvaart sal bepaal, is dit beslis nie die enigste nie. Maatskaplike welvaart is in 'n kwantitatiewe of veel dimensionele grootheid waarvan die verdeling van inkomste en van die mate waartoe verbruikersoewereiniteit verwezenlik word.

UNIEKE

Suid-Afrika is 'n unieke geval, omdat Suid-Afrika nóg 'n Eerste-, nóg 'n Derdewêreldland is, maar 'n mikrokosmos van die Eerste en die Derdewêreld. Gevolglik kan die ekonomiese stelsel en die reëls wat in of die Eerste of Derdewêreld van toepassing is, nie sonder meer in Suid-Afrika toegepas word nie. Net soos ons unieke Suid-Afrikaanse situasie 'n unieke konstitusionele bestel vir Suid-Afrika verg, net so moet ons ook 'n unieke soort ekonomiese stelsel ontwerp.

Streng gesproke is daar nêrens in die wêreld meer 'n vrye markekeonomie nie. Vanweë die fundamentele veranderinge wat in die eerste helfte van hierdie eeu in die struktuur van ekonomiese en politieke stelsels plaasgevind het, bedien alle Westerse lande hulle van verskillende vorme van gemengde of beheerde kapitalisme. Terwyl

daar in die vrye markekeonomie van die 19de eeu 'n baie klein oorvleueling tussen die private en openbare sektore was, is die oorvleueling tans so groot en het daar so 'n si-biotiese verhouding tussen die twee sektore tot stand gekom, dat dit uiters vergesog is van die "freemarketeers" om hul propaganda nog altyd in die idioom of paradigma van die 19de eeu te doen!

MODERNE

Arthur Okun het die "plek" van die mark (ofte wel die private sektor), in 'n moderne ekonomie in die volgende idiomatiese terme geformuleer: (a) "The market needs a place and (b) the market needs to be kept in its place." Hiertoë kan ons die volgende twee stellings voeg: (c) dat dit nodig is om die openbare sektor te dissiplineer en (d) dat dit nodig is om die openbare sektor te beskerm.

Die mark moet 'n "plek" gegun word vanweë die baie dinge wat dit goed doen. Die doeltreffendheid van private ondernemings wat onder die dissipline van wins- en verliesrekenings sake doen, is een van die groot prestasies van 'n mark-georiënteerde ekonomie. Die "ruimte" wat die mark vul, beperk die mag van die burokrasie en beskerm ons vryhede teen oortreding van die owerheid. Die mark reageer taamlik betroubaar op die partikuliere seine van verbruikers en produsente in soverre 'n billike mate van mededinging bestaan.

GROEI

Die mark laat gesentraliseerde besluitneming toe en moedig eksperimente en veranderinge aan. Die vergoedingstelsel van die mark moedig arbeidsprestasies en ondernemerskap aan en dit bevordert ekonomiese groei.

Maar dit is eweser nodig om die mark op sy "plek" te hou. Vir eers omdat die "geldmaatstaf" in die mark 'n vernietigende uitwerking op

die waardes van 'n beskaafde gemeenskap kan uitoefen as dit onbeteueld gelaat word en tweedens omdat dit bloot 'n middel tot 'n doel is. Private eiendom, private ondernemerskap en die winsmotief is kragtige maatskaplike instrumente om die gemeenskap se doelstellings te bereik, maar hulle is blote middele. Die fiksie dat die vrye spel van markkragte spontaan die algemene belang bevordert, is soms waar en soms onwaar. Die "freemarketeers" redeneer asof dit altyd waar is.

Derdens moet die mark op sy plek gehou word weens die

dienste soos infrastruktuur-fasiliteite; (e) die neiging tot makro-ekonomiese onstabielheid weens die afwesigheid van toekomstmarkte; (f) die onvermoë van die korttermyn- en individu-georiënteerde mark om kapitaal, geskoolde arbeid, tegnologiese vooruitgang en selfs sekere vorme van entrepreneurskap (in veral 'n ontwikkelende ekonomie) te "mobiliseer" ter wille van 'n volgehoue hoë groeiakoers; (g) die onvermoë van onderontwikkelde, agtergeblewe en relatief onge-skoolde gemeenskappe om aan die hoë eise van individuele verantwoordelikheid wat

IN die meegaande artikel, wat 'n verkorte weergawe is van 'n toespraak wat prof. S.J. Terreblanche (links) aan die einde van verlede maand in Johannesburg gelewer het, word gewys op die gevare in die vryemark-retoriek en word gewaarsku teen die moontlikheid van 'n Marxistiese revolusie. Die toespraak is by 'n vergadering van die Vryemarkstigting en die Johannesburgse tak van die Ekonomiese Vereniging gehou.



groot aantal mark-mislukkings wat 'n regstreekse verlies aan maatskaplike welvaart meebring.

Die vernaamste van hierdie markmislukkings is: (a) die strukturele onvermoë van die individu-georiënteerde markmeganisme om die kollektiewe behoeftes van die gemeenskap te evalueer en te bevredig; (b) die verskynsel van eksternaliteite soos besoedeling; (c) die gebrek aan mededinging en die verwingende uitwerking wat dit op die markprysvorming het; (d) die ondeelbaarheid van sekere goedere en

'n markekeonomie veronderstel, te kan voldoen en die gevolglik uitbuiting waaraan hierdie gemeenskappe in 'n ongebreidelde markekeonomie blootgestel is; (h) die neiging van 'n ongebreidelde markekeonomie om die ongelyke besit van eiendom, vermoëns, mag en vryhede te handhaaf en die ongelykheid selfs te verskerp.

Laasgenoemde markmislukking is van besondere belang in Suid-Afrika. Dit blyk dat die voordele van die afgeleide drie jaar se boomgeensins via die spontane werking van die markmeganisme "uit-

gekring" het na die armste 30 of 40 persent van die bevolking nie. Inkomste is waarskynlik vandag ongelyker verdeel as drie jaar gelede. Gevolglik moet doelbewuste maatreëls van owerheidsweë geneem word om vir hierdie — én die ander — markmislukking(s) te vergoed.

Die owerheidssektor moet gedissiplineerd word om sy neiging tot inkremende groei en sy spreekwoordelike burokratiese ondoeltreffendheid te minimeer. Die vernaamste rede vir hierdie neigings is die afwesigheid van wins-en-verliesrekenings in die openbare sektor. Net soos die markmislukkings tot die struktuur van die mark behoort, net so behoort ondoeltreffendheid tot die struktuur van die openbare sektor. En net soos ons moet probeer om vir die markmislukkings te vergoed deur verskillende vorme van ingryping, net so moet ons poog om vir die burokratiese ondoeltreffendheid te vergoed deur volgehoue waaksaamheid, volgehoue openbare kritiek en "in-sette" van die private sektor.

MANIERE

Die owerheid se "deelname" en/of "inmenging" gebeur op drie maniere: die owerheid lê reëls en regulasies neer, hy is die produ-seerder en/of aanbieder van sekere goedere en dienste en hy is verantwoordelik vir oordragbetalings. Wat eersgenoemde betref, kan daar geen twyfel bestaan dat hopeloos te veel (én ongeoorloofde) wette, reëls en regulasies gedurende die 32 jaar van Nasionale Party-regering gepromulgeer is en dat 'n grootskeppse n verdere rasionalisering hiervan — én van sekere owerheidsbestedings — dringend noodsaaklik is nie.

Die owerheidssektor moet ook beskerm word teen die invloed van ongeoorloofde drukgroepe. Arthur Okun sê dat die maatskaplike gevolge

van optrede om die mark op sy plek te hou goed en sleg kan wees, afhangende van dit wat in die "plek" van die mark geplaas word. Tot sy groot teleurstelling vind Okun dat dit in die geskiedenis gebeur dat "the market has been replaced more often to preserve unequal power and distinction for the few (rather) than to guarantee equal rights for the many".

Hierdie stelling is natuurlik ook van toepassing op Suid-Afrika. Wat hier in die "plek" van die mark geplaas is, word in die meeste gevalle deur (blanke) drukgroepe bepaal ter wille van hulle seksionele belange. Gevolglik funksioneer die openbare sektor nie na wense in belang van sy eintlike taak, nl. om gelyke of gelyker regte en die welvaart van die totale gemeenskap te bevorder, nie.

OMSTREDE

Die omstrede saak rondom die ekonomiese stelsel in Suid-Afrika is nie om die openbare sektor op alle vlakke terug te druk soos die "freemarketeers" betoog nie. Die eintlike omstrede saak is om opnuut die grenslyn te trek tussen die private en openbare sektor én om 'n nuwe inhoud aan die simbiotiese verhouding tussen die twee sektore te gee.

In hierdie verband sou drie verskuiwings van die grenslyn geoorloof wees: (a) Weens die inkremende groei en die burokratiese ondoeltreffendheid bestaan 'n argument om die openbare sektor deur 'n proses van rasionalisasie terug te druk; (b) omdat die owerheidssektor (blanke) drukgroepe bevoor-deel op 'n manier wat nie langer geoorloof is nie, bestaan nog 'n argument om die openbare sektor uit ongeoorloofde terreine terug te druk; (c) maar weens die groot behoefte aan "operasie opheffing en ontwikkeling" van die verskillende swart groepe, sal die owerheid aansienlik meer ten opsigte daarvan moet bestee en dit sal oor die volgende vyf jaar 'n taamlike uitbreiding van die owerheidssektor meebring. Die owerheid kan sy regstreekse verantwoordelikheid om die swart groepe te ontwikkel, geensins ontduik en dit allermins op die "mark" afskuif.

Om die grenslyn tussen die private en openbare sektor oor te trek, sal nie maklik wees nie. Om hierdie soort

strukturele veranderinge in ons ekonomiese stelsel teweeg te bring, sal belangrike veranderinge in ons politieke en konstitusionele stelsel verg. Hervorming op die ekonomiese en politieke terreine is ten nouste verbind en kan net slaag as dit op 'n gekoördineerde wyse plaasvind.

Indien ons inderdaad 'n politieke én 'n ekonomiese stelsel wil ontwerp wat groter stabiliteit en groter regverdigheid moet bevorder, is die hoë morele toon van die vryemark-retoriek nie alleen onvanpas nie, maar kan dit kontraproduktief in terme van sowel die stabiliteits- as die regverdigheidsdoelwitte blyk

te wees.

Kortom, indien ons nie net met 'n vryemark-retoriek te doen gaan hê nie, maar indien gepoog sou word om ons ekonomie in daardie rigting om te buig, sal ons 'n situasie skep wat Suid-Afrika ryp sal maak vir 'n Marxistiese revolusie in die klassieke sin van die woord.

'n Marxistiese revolusie kan net vermy word deur dit oorbodig te maak deur middel van ekonomiese en politieke stelsels wat aangepas is by die besondere omstandighede van Suid-Afrika. Die vryemarkekeonomie is beslis nie só 'n ekonomiese stelsel nie.

ADVERTEERERS!
Rig asseblief u korrespondensie aan ons — soos hieronder aangedui!

DIE ADVERTENSIEBESTUURDER
DIE BURGER
POSBUS 692
KAAPSTAD
8000

LIP-AID. HELP OM 'N TAWWE OU 'N TEER GLIMLAG TE GEE.

Dis nie altyd maklik om te glimlag na 'n dag in die fris buitlug nie. Skurwe lippe is dikwels die gevolg van 'n snepende windjie of warm son. Nou's daar Lip-Aid. Wat skurwe, droë of gebarste lippe help. 'n Salf wat vinnige, sagte verligting vir probleemlippe bring. Streel dus 'n bietjie Lip-Aid aan. En glimlag.



LIP-AID. Help probleemlippe genees.

NUWE BLACK & DECKER F8-BOOR. Net B & D kon boorwerk só maklik maak.



Hier's die enkelspoedmasjien

Stof nog lank nie gaan lê oor snelheidsperk

DIE hele aangeleentheid ten opsigte van Suid-Afrika se snelheidspere is nog lank nie iets van die verlede nie. Groot organisasies soos die Automobiel Assosiasie, Rondalia, die Motorindustrie-federasie en die Afrikaanse Handelsinstituut agiteer reeds geruime tyd vir die verhoging van die snelheidsperk van 90 km/h, en hoewel die Regering gesê het dat die huidige snelheidsperk behoue gaan bly en hy weer in Februarie aanstaande jaar na die hele aangeleentheid sal kyk, het die stof nog lank nie gaan lê nie.

Rondalia het die afgelope jaar omvattende brandstofverbruiktoetse gedoen. Die resultaat: 'n motor wat konstant teen 120 km/h ry, gebruik gemiddeld bykans 19% minder petrol as in stadsverkeer.

Rondalia sê toetse het ook aan die lig gebring dat daar terselfdertyd teen dié snel-

heid geen buitensporige toename in brandstofverbruik geskied nie teenoor die potensiele 25% vermindering in reistyd wat teweeg gebring word.

Rondalia se Tegniese Afdeling het die resultate van brandstofverbruiktoetse wat gedurende 1980 op 32 verskillende motors uitgevoer is, ontleed — met interessante gevolge.


Die toetse is almal op 'n streng wetenskaplike grondslag volgens die EEG-standaardmetode uitgevoer. Die motors het gewissel van vier- en vyfliter-luukse-sedanmotors tot klein motortjies van 1 000 tot 1 200 cm³.

Een van die interessantste resultate is dat 'n motor teen 120 km/h gemiddeld 18,81% minder petrol gebruik as in stadsverkeer. Teen 'n konstante snelheid van 90 km/h word 37% minder petrol gebruik as in stadsverkeer. Vir 'n toename in toersnelheid

van 33,3%, dit wil sê van 90 km/h tot 120 km/h, is die toename in brandstofverbruik nagenoeg dieselfde, naamlik 32,09%.

Dit blyk duidelik dat groot brandstofbesparings hoofsaaklik in stedelike verkeer bereik sal kan word en dat die reële besparings bereik deur die 90 km/h-snelheidsperk waarskynlik van veel kleiner omvang is as wat soms vermoed word. 'n Verhoging tot 120 km/h sal ook geen buitensporige prorata-toenames in brandstofverbruik in ruil vir 'n potensiele 25% vermindering in reistyd teweeg bring nie.

Rondalia bly dus des te meer ten gunste van die opheffing van die snelheidsperk van 90 km/h ten gunste van die aanbevole snelhede vervat in die Padverkeersordonnansies, te wete 120 km/h op deurpaaië en 100 km/h op paaië wat nie deurpaaië is nie, tensy anders aangedui.



Brandstofbesuiniger


'n PROTOTYPE tweesitplek-petrol/elektriese hibried- of mengelmotor, wat in staat is om tot 2,83 liter/100 km te haal teen 'n konstante snelheid van 88 km/h, maar met 'n topsnelheid van 128 km/h, is deur Dragonfly Research Ltd van Kettering in Brittanje ontwerp en gebou.

Dragonfly Research bestempel die motor as die eerste praktiese petrol/elektriese hibriedvoertuig ter wêreld. Die maatskappy is by uitstek betrokke by die ontwikkeling van elektriese aandrywing, maar beoog nie om die massaproduksie-motorbedryf te betree nie.

Anders as die huidige prototipe elektriese voertuie, wat hoogs doeltreffend is, maar swaar batterye benodig wat elke nou en dan herlaai moet word, word die Dragonfly Nova (foto bo) se twee elektriese motore aangedryf deur 'n tweesilinder-petrolenjin wat weer op sy beurt 'n ontwikkelaar aandryf.

Die maatskappy gebruik tans 'n Fiat 600 cm³-enjin in die motor, maar vind dat dit te groot is. Daar word nou gesoek na 'n kleiner enjin.

Die 17-jarige Jutta Lange, 'n tegniese vakleerling by Daimler-Benz, het 'n sensasionele wêreldrekord opgestel tydens die internasionale brandstofverbruikskompetisie vir "ekonomiele" by Veltheim in Switserland. Met 'n spesiale voertuig, wat aangedryf is deur 'n 150 cm³-petrolenjin, het sy 1 267 km op een liter petrol afgelê en sodoende haar naaste teenstanders met 400 km/liter geklop!



DIE PAD NA DIE REGTE BAD


Gespesialiseerde raad en leiding. Elke pragtige, praktiese ding vir jou nuwe badkamer is by Incledon.

Incledon

Bel Gordon Price of Dalene van der Walt by 59-1221

Of besoek ons toonkamers. Incledon (Kaapstad) (Edms) Bpk., Starckweg, uit Voortrekkerweg, Goëdwood/Parow.

BARKER, MCCORMACK (KAP) 3969/3



Nou is daar 'n talentvolle nuwe haarstilerder.